# 2 HOOFSTUK TWEE: PRAKTIESE TEOLOGIE

## 2.1 Praktiese teologie as gemeenskapsgebeure

Van der Ven (1993:34) is van mening: *"… if theology in general is to be understood as a practical science, then practical theology can be nothing else than the application of this theology".* In hierdie navorsing word die klem in besonder gelê op dit wat in die gemeenskap moet gebeur deur middel van die bestaande institute. Anderson (2001:21) beweer: *"Theology is not simply something to be known; theology is something lived and experienced by a particular community".* In hierdie sin word die praktiese teologie in hierdie navorsing benader. Praktiese teologie vereis 'n spesifieke verstaan van die aard van teologie: *"It demands that the theologian hold the practitioner accountable to the truth of God's revelation in history and that the practitioner hold the theologian accountable to the truth of God's reconciliation in humanity"* (Anderson 2001:23-24). As teologiese wetenskap is die praktiese teologie verbonde aan die teologie as geheel (Heitink 1993:108). As handelingswetenskap ontleen dit sy paradigma en metodologie van die menswetenskappe, die sosiale wetenskappe en nie van die geesteswetenskappe nie. Heitink (1993:124) verwys na H. Schelsky (1963) vir 'n omskrywing van die handelingswetenskap. Vakke soos ekonomie, sosiologie, politieke wetenskappe en psigologie is gebore uit die praktiese filosofie, beter bekend as etiek. Pedogogiek en kulturele antropologie het ook die geesteswetenskappe verlaat en by die sosiale wetenskappe aangesluit. Tog het die geesteswetenskappe 'n rol te speel in die homiletiek, liturgiek en veral die pastoraat. Müller (1991:92) verwys na die ontdekking van die raakpunt tussen die menslike verhaal en die verhaal van God as pastorale taak van die kerk. *"Maar hierdie menslike verhaal kan nooit in isolasie verstaan word nie. Elke mens se verhaal is ingeweef in 'n netwerk van sisteme"* (Müller 1991:93).

Botman (2000:36) beweer: *"The political changes in South Africa have had a direct impact on the country's theologies and specifically its public theologies. Public theologies are always sensitive to shifting political, cultural, and economic realities".* Bosch (1991:378) meen dat die plaaslike kerk herondek moet word en dat geen plaaslike kerk met 'n houding van gesag teenoor ander plaaslike kerke moet staan nie. *"The fundamentally innovative feature of the new development was the discovery that the universal church actually finds its true existence in the local churches; that these, and not the universal church, are the pristine expression of church; …"* (Bosch 1991:380). In die Suid-Afrikaanse konteks is daar in sommige kerke en teologiese kringe vrae gevra oor die rol van die kerk in 'n krisis. Hierdie vrae is veral gevra rondom verdrukking en apartheid. Het die teologie 'n bydrae te maak? In 1980 het 'n groep Suid-Afrikaanse teoloë bymekaar gekom om 'n teologie te vind vir konflik en verdrukking (vgl Kaufmann 2001:19).

Die teologiese uitgangspunt in hierdie navorsing is om kennis te neem van die verskillende sieninge rondom kerk-wees, maar dat die kerk eers kerk is wanneer dit lokaal binne die plaaslike gemeenskap met 'n duidelike prakties-teologiese gemeenskapsgerigtheid funksioneer sonder om binne politieke of ekonomiese situasies te verander tot iets wat nie eie is aan die liggaam van Christus nie. Die identiteit van die kerk van Jesus Christus moet nie in hierdie proses verlore gaan nie.

## 2.2 Die situasie van die praktiese teologie

Vir eeue lank was die praktiese teologie 'n aanhangsel van die dogmatiese teologie. Sedert die opkoms van die sosiale wetenskappe en die bydrae wat die opvoedkunde en didaktiek tot geloofsopvoeding gemaak het asook die aandag wat die kommunikasiewetenskap en retoriek in die homiletiek begin geniet het, het praktiese teologie in 'n selfstandige wetenskap ontwikkel. Die algemene hermeneutiek het ook 'n bydrae tot die wetenskaplike bestudering van die erediens en prediking gemaak (vgl Dingemans 1996:36-38).

Die meegaande diagram 3: *Die situasie van die praktiese teologie met die klem op godsdiens en samelewing,* vat die hele verloop van Heitink (1993:24) se beredenering van die praktiese teologie saam. Hierdie diagram word ook gebruik om die praktyk-teoretiese deel van die praktiese teologie uit te sonder wat vir die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel van belang is, naamlik godsdiens en samelewing (vgl diagram 4: *Differensiasie volgens handelingsvelde* waarmee Heitink, 1993:238, die eenheid en differensiasie tussen die handelingsvelde in die praktyk-teoretiese deel van die praktiese teologie aandui). Daar is 'n wisselwerking tussen gesinne en die gemeenskap wat die struktuur van die gesin bepaal – gesinne reflekteer dus die etos en tradisies van die gemeenskap (vgl Anderson 2001:250). Heitink (1993:277) meen: *"Het derde handelingsveld, dat we binnen de praktische theologie kunnen onderscheiden, is dat van christelijke presentie in de sameleving. Men spreekt hier wel van een vorm van publiek christendom, dat ondanks het moderniseringsproces, nog altijd in de samenleving aanwezig is. Het gaat hier om het minst ontwikkelde van de drie handelingsvelden"*. Die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel, laat die klem val op 'n inklusiewe jeugbediening (vgl Nel 1998) binne die gemeenskap deur middel van die kerk, staat en markplein (vgl diagram 18: *Samewerking tussen kerk, staat en markplein*). Die verwaarlosing van hierdie handelingsveld kan verbind word met die amp van die gewone lidmaat, ook binne die arbeidsveld, wat nie effektief benut word nie. Heitink (1993:290) praat in hierdie sin van *"laïkale"* ampte afgelei van *"laikos"*, lid van die volk (*"laos"*). Tieners, soos deur navorsing bevind, (vgl paragraaf 2.7 (3)), verdwyn onder andere uit die kerk omdat daar te min geleenthede geskep word om as Christene in die samelewing betrokke te raak.

Die krisis in die huidige tyd is onbetrokkenheid of verlies aan samewerking tussen die kerk en ander plaaslike institute waar werkendes en jongmense hulself bevind. *"In het Europese Waarden Onderzoek van 1990 blijkt dat 53% van de Nederlandse jongeren niet als lid bij een kerk is aangesloten"* (Janssen: 2003:4). Die kerk sal dus vanuit twee rigtings na die bemiddeling van geloof moet kyk: (1) vanuit die bestaande struktuur en teologie van die kerk, wat goed onderweg is, maar veral (2) vanuit gemeenskapstrukture en die "teologie" van die sekulêre wêreld. Met die "teologie" van die sekulêre wêreld word bedoel, hoe mense in die algemeen, in besonder jongmense, oor kerk en godsdiens vanuit 'n meer sekulêre perspektief nadink. Janssen (2003:5) verwys na die pessimistiese voorspelling van die hedendaagse sosioloë en historici wat ernstig opgeneem moet word: *"Zij beschouwen de neergang van de kerk als de laatste fase in een steeds verder gaand proces van secularisatie. … Er is weinig van haar invloed over, of men nu kijkt naar wetenschap, politiek, sociale kwesties, het leven van alledag, of dat men denkt aan zaken betreffende leven en dood"*. Die drie terreine in die teologie wat derhalwe ernstig aandag

verdien, is evangelistiek, diakoniek en die vergete ampte, maar wel binne die konteks van 'n gemeenskapsgerigtheid wat meer insluit as maatskaplike werk. Dit is die essensie van hierdie navorsing.

Die model vir tiener- en gesinsbediening fokus op diensbaarheid in die samelewing veral met die oog op die genoemde rede waarom tieners die kerk verlaat en die afname in die vermoë om die Christelike geloof in die gemeenskap te bemiddel. Alhoewel Driel en Kole ([1983]:44) sê: *"Dienstbaarheid (diakonaat) krijgt in deze tijd eindelijk de waardering die ze verdient. Jongeren vinden in daadwerkelijke dienstbaarheid mogelijkheden om een aantal van hun idealen te realiseren",* word dit egter in Westerse lande sterk betwyfel met verwysing na die reeds genoemde navorsing. Dingemans (2000:267) met verwysing na die kerk as gemeenskapskerk wat 'n sterk diakonale karakter moet hê, meen: *"Daar ligt de eerste uitdaging voor kerk en theologie in onze tijd. Terwijl kerken nog steeds kissebissen over hun oude geloofsbelijdenissen, staan er grote groepen berooide en ontheemde mense aan de poorten van onze kerken".* Te Velde (1993:85) beweer:*" De Here is de God van de gemeenschap en Hij maakt Zichzelf in woord en daad bekend als de grote Helper van mense in nood".* God se verlossing raak nie slegs die siel of geestelike behoeftes nie, maar die hele mens, insluitend sy liggaam, materieel en sosiaal.

Heitink (1993:278) sê dat in ons tyd moet ons kanstateer dat talle brûe tussen kerk en samelewing opgeblaas is en dat baie afhang van die diens van individuele Christene met 'n persoonlike verbindtenis binne organisasies en bewegings. Heitink sê verder dat ons nog altyd die weerstand teen vorme van kerklike Christendom proe wat gekenmerk word deur imperialistiese beheersing in plaas van altruïstiese diens. Heitink (1993:278-279) meen dat dit benadruk moet word dat dit om 'n beskeie diens gaan waarvoor die begrip "verteenwoordig" gebruik word en wat van 'n Christen verwag word, is "om daar te wees in sy Naam". Smit (1995:18 en 25) meen dat die kerk tans midde-in 'n tyd van ingrypende en omvangryke veranderings is en daarom moet die klem op leierskap geplaas word. Volgens Burger (1995:40-45) speel presensie in die sin van deel wees van, dáár wees by, lief wees vir en entoesiasties wees oor, 'n primêre rol in leierskap in hierdie tydperk van veranderings in die kerk. Deur in die gemeenskap betrokke te wees kan visionering, fasilitering en energering as bykomende begeleidingselemente opnuut 'n rol speel. Die potensiaal onder jongmense en in die amp van die gewone lidmate is ast'ware die enigste boumateriaal vir die herstel van hierdie brûe. Smit (1995:30) verwys na hierdie begeleidingselemente as taak van leiers in die geloofsgemeenskap soos volg: (1) God moet in opregte liefde by mense verteenwoordig word (presensie); (2) mense moet gehelp word om vanuit die werklikheid van die opstanding te dink en te leef (visionering); (3) prosesse en strukture moet ontwikkel word wat bedieninge in die wêreld kan bevorder (fasilitering) en (4) die energie in die geloofsgemeenskap moet ontsluit word (energering). Dingemans (2000:118) meen: *"Dat vraagt dus van de kerkelijke theologie een drievoudige dialoog: met de rationaliteit van de wetenschap, met de christelijke traditie, zoals die is overgeleverd binnen de kerk en met het sociaal belang (cui bono?) voor mens en samenleving".*

Met ververwysing na Berkhof sê Heitink (1993:279) dat die oudste model dié van die teokrasie is, 'n vorm van samelewing waarvan die kultiese, etiese en juridiese dimensies deur die doel dat God met sy volk is, beheers word. Heitink verwys na Israel as 'n Bybelse voorbeeld en beweer toe die kerk staatskerk geword het, het die

teokrasie 'n nuwe kans gekry. Heitink (1993:279) verwys verder na Kuyper wat die staatskerk as uitgedien beskou en dat die kerstening van die volkslewe langs ander weë bereik moet word. Vanweë die ontkerstening van die staat en die betreurenswaardige toestand van die kerk kies Kuyper 'n afgegrensde belynde kerk. Heitink (1993:279) verwys na Berkhof wat van mening is dat hierdie toestand in die gereformeerde wêreld tot "ideologiese outomatisme" lei. Die onderskeid tussen kerk as instituut en organisme open die weg na die daarstelling van Christelike organisasies op die terrein van die kerk, staat en maatskappy. Volgens Heitink (1993:279) maak hierdie modelle dit duidelik dat 'n mens die verhouding van Christendom en samelewing vanuit verskillende "teologiese maatskappybeelde" kan invul. Dit staan in noue verhouding tot "kerkbeelde". In die nuwe situasie loop die verbindingslyne tussen godsdiens en samelewing nie via die kerk as instituut nie, maar via individuele Christene. Hierop word gefokus in die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel.

Die keuse wat mense maak, het volgens Heitink (1993:281) gevolge vir die wyse hoe mense as Christene binne die publieke domein hul plek inneem en veral in die Amerikaanse literatuur word aandag gegee aan tema's soos *"public philosophy"* en *"public church"*. Met publiek word bedoel die forum of die arena waar sake van algemene belang beslis word. Publiek het 'n breër betekenis as politiek. Binne die pluralisme van die verskillende lewensoriëntasies word gesoek na die gemeenskaplike.

Die probleme in die samelewing, sê Heitink (1993:281), het so groot geword, dat die lewering van 'n bydrae aan die gemeenskap een van die eerste take is vir 'n prakties-teologiese diakonologie in samewerking met die etiek. Christene mag die publieke domein nie aan ander nie-Christelike magte oorlaat nie. Vanuit hierdie perspektief mag 'n herwaardering van die besondere pastoraat plaasvind wat afspeel in hospitale en ander instellings, in die psigiatrie, in geregtelike inrigtings, in die weermag en besighede. Baie sielkundiges sit in eensame poste.

Omdat die begrip "gemeenskapsgerigtheid" 'n breë term is, maar die wese van hierdie navorsing is, word na vier terreine in die diakonologie verwys wat volgens Heitink (1993:283-286) aandag nodig het omdat dit van belang is binne die sosiale, politieke en ekonomiese sektore van die maatskaplike lewe:

***1. Die arbeidsvraagstuk:*** Daar is in ons samelewing 'n groeiende kloof tussen werkendes en nie-werkendes wat saamhang met werkloosheid en die toename van 'n groot aantal mense wat van 'n pensioen afhanklik is. Betaalde arbeid word skaarser, onder andere as gevolg van outomatisering en die vraag na 'n eerliker verdeling ook tussen mans en vroue en die verskillende rasse in die land. Die sektor van vrywillige werk het in 'n kort tyd geweldig uitgebrei. Die kerk is 'n groot leweransier in vrywilliges, nie alleen vir sy eie werk nie, maar ook vir die sekulêre wêreld. Dit word betreur dat arbeidsbediening, waardeur die kerk in die arbeidswêreld verteenwoordig word, binne die protestantse kerke weens finansies ingekort moes word.

***2. Gelyke behandeling:*** Gelyke behandeling in Suid-Afrika het sterk na vore getree, veral wat mans en vroue en die onderskeiding tussen die swart en wit landsburgers betref. Heitink (1993:284) sê dat gelyke behandeling ook te doen het met die posisie

van homoseksueles en lesbiese vroue in die samelewing. So is dit vir 'n homoseksuele predikant moeilik om as predikant 'n plek te vind. Gelyke behandeling raak mense van 'n ander ras en godsdiens in ons multikulturele samelewing. Daar is ook diskriminasie op grond van ouderdom.

***3. Kerk en politiek:*** Heitink (1993:285) sê kernwapens en kerkasiel vir vlugtelinge laat 'n mens besef dat in hierdie spanningsveld tussen kerk en politiek 'n belangrike ondersoekveld vir praktiese teologie lê.

***4. Morele verantwoordelikheid:*** Heitink (1993:286) verwys ook na die persoonlike morele verantwoordelikheid as bydrae tot die publieke moraal. Dit raak die ordening van sosiale bande en in samehang hiermee die terrein van die wetgewing wat direk te make het met waardes en norme. Ook op die voorafgaande terreine arbeid, gelyke behandeling en politiek het ons met morele vraagstukke te doen. Dit lê egter veral op die gebied van sosiale etiek. By morele verantwoordelikheid gaan dit om persoonlike etiek. Ons dink hier aan medies-etiese vraagstukke soos aborsie en euthanasia. God wil nie lyding hê nie en dit vra vir 'n praktyk teen lyding.

Dingemans (1996:127-130) dui drie dimensies aan waarbinne die praktiese teologie funksioneer om die praxis van die gemeenskap te verbeter. (1) Die huidige kerklike praktyk of kulturele situasie moet geanaliseer word deur die sosiale werklikheid van die kerk, geloofsgemeenskappe, gemeenskappe en individue deur middel van die sosiale wetenskappe, geskiedenis en antropologie te bestudeer. (2) Vanuit hierdie verkenning word 'n hermeneutiese gesprek met die Christelike tradisie gevoer rondom 'n normatiewe besinning vir die huidige praxis. (3) Op grond van hierdie verkenning en hermeneutiese gesprek word deur middel van wetenskaplike verantwoorde strategieë met die gemeente en gemeentelede omgegaan om konflikte te hanteer, die gemeente te vorm, vir die toekoms te beplan, ensovoorts. Dingemans (2000:270-271) gebruik 'n diagram, 'n spiraal wat vanuit die samelewing na die gemeente verloop om die aktuele selfverstaan van die kerk deur middel van 'n hermeneutiese proses tot uitdrukking te bring. Laeyendecker (1988:23) beweer: *“De verdringing van kerk en godsdienst uit politiek, ekonomie en wetenschap – dat wil zeggen uit die maatschappelijke sektoren die het sterkst het gezicht van de moderne samenleving bepalen – noodzaakte de kerk haar relatie tot de maatschappij opnieuw te definiëren”.*

Heitink (1993:287-291) verwys na die evangelistiek, diakoniek en die vergete ampte as die verskillende vakgebiede wat by die handelingsveld, godsdiens en samelewing, ter sprake is. Hierdie drie vakgebiede hanteer die ontmoetingsarea van die Christendom en samelewing binne die politieke arena of domein.:

***1. Evangelistiek:*** Hierdie vak word meestal nie tot die praktiese teologie gereken nie, maar tot die missiologie. In baie gevalle lei hierdie vak 'n kwynende bestaan sedert die tradisionele evangelisasiewerk in die vorm van straatprediking, lektuurverspreiding en opwekkingsbyeenkomste byna oral begin verdwyn het. Ons kan dus met Verkuyl saamstem dat evangelistiek sonder twyfel tot die praktiese teologie behoort.

Heitink (1993:287) verwys na drie werksterreine waarvoor praktykteorieë ontwikkel kan word: (1) kommunikasie tussen die gemeente en die onmiddellike omgewing; (2)

massamedia soos die pers, radio, televisie en (3) stedelike sending wat binne die ekumene ontwikkel het met die bedoeling om nuwe vorme van Christelike sending te verken in die konteks van die moderne samelewing. 'n Weg word gesoek om jongmense wat die kerk "verlaat" het in die plaaslike projekte in te sluit om vandaar die pad na die kerk terug te vind. Benson (1997:105-106) verwys na verskillende inisiatiewe in die V.S.A. wat daarop ingestel is om die jeug te ontwikkel.: *"Each initiative has a slightly different emphasis and brings different groups together around different needs".*

***2. Diakoniek:*** Heitink (1993:289) sê onder diakoniek, in onderskeiding van diakonologie, verstaan ons die teorievorming met betrekking tot die diakonale handeling vanuit die kerk. Tot kort gelede het die armoedevraagstuk hierin 'n sentrale plek ingeneem. Diakonie beteken eenvoudig armsorg. Deur die koms van sosiale wetgewing verloor die kerk na die Tweede Wêreldoorlog sy taak op die gebied van armsorg en kan hy hom nou meer toespits op die armoedevraagstuk in wêreldverband. In die diakonaat gaan dit om barmhartigheid en geregtigheid. Daar is drie diensterreine te onderskei: gemeentediakonaat, samelewingsdiakonaat en wêrelddiakonaat. Die opkoms van die gemeentediakonaat hang saam met die ekklesiologiese wending: van amp na gemeente.

Die gemeentediakonaat word van die samelewingsdiakonaat onderskei. Hier word gefokus op die nood in die gemeente se omgewing. Gesondheidsorg, maatskaplike dienste, welsynswerk en die psigiatriese hulpverlening is hier van belang. Die samelewing as geheel word al hoe meer onherbergaam. Heitink (1993:289) sê dat die wêreld primêr derde-wêreld is. Die wêreld is primêr derde wêreld, maar ook die vierde wêreld in Europa en die tweede wêreld van die voormalige Oosblok val hieronder. Wêrelddiakonaat kry vorm in konkrete projekte. Sulke projekte is tans besig om in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontwikkel vanweë die toename in armoede, soos die Mandella Kinderfonds en kleiner plaaslike projekte om die gemeenskap op te bou byvoorbeeld Popup in Pretoria en The Fountain in Boksburg. Dit is nodig om hier te onderskei tussen gemeenskapswerk, wat as maatskaplike werk beskou word, en gemeenskapsontwikkeling wat 'n omvattende begrip is en 'n multidissiplinêre benadering vereis. Binne die Afrika-konteks is die een-tot-een-pastoraat-benadering vreemd. *"Die klem val meer op die dienende gemeenskap van die gelowiges (Njenga 1989:26-23) en minder op die rol van die pastor alleen. …Die versterking en verryking van die gemeenskap is dus in Afrika veral 'n pastorale taak. 'n Eko-hermeneutiese pastoraat in Afrika beteken dat daar nie maar getroos en bemoedig kan word op die individuele vlak nie"* (Müller 1991:95). Louw (2002:339) vra: *"How should pastoral ministry understand the care of human souls within the demands set by the main role players in postmodernity – economy, technology, and telecommunications?"* Hierdie rolspelers is deel van die indeling – kerk, staat en markplein (vgl diagram 18: *Samewerking tussen kerk, staat en markplein*) binne 'n gemeenskapsgerigte benadering vir tiener- en gesinsbediening wat voortdurend die wêreld verander en herinterpreteer (Cole-Turner 2001:139).

***3. Vergete ampte:*** Heitink (1993:290) verwys na Kraemer oor die plek en roeping van die gewone lidmaat. Daarmee word bedoel die priesterskap van alle gelowiges wat deur inklusiewe handelinge toegerus word om hul taak in die samelewing te vervul. Vanuit die kerk kan met die beroepswêreld in gesprek getree word oor die waardes en norme aldaar en hoe inhoud gegee kan word aan Christen-wees (vgl

Benson 1997:207-223 – *"The roles of all sectors in the community"*). Beroepe soos leraars, dokters, verpleegsters, soldate, sakemense, wetenskaplikes is hier ter sprake. Gemeentelede moet dus die nodige toerusting ontvang vir bestuurswerk in uiteenlopende organisasies binne die samelewing waar op 'n bepaalde gebied vorm en inhoud aan die maatskaplike lewe gegee word, byvoorbeeld skoolbesture, jeugorganisasies, sportverenigings en politieke partye. In Suid-Afrika is die deur van regeringskant vir die kerk en ander instansies in die samelewing deur middel van wykskomitees in metropole oopgemaak om direkte insprake vir 'n beter bedeling in die samelewing te kan maak.

Heitink (1993:292) maak 'n opmerking wat teleurstellend mag klink, maar wat ook 'n sterk motivering vir hierdie navorsing is, naamlik dat die terrein godsdiens en samelewing die mees verwaarloosde terrein binne die praktiese teologie is. Tog blyk dit dat 'n prakties-teologiese diakonologie baie aanwysinge bevat om die vraag wat hier bestaan onder die oog te kry. Die vakgebiede evangelistiek en diakoniek vra na versterking.

### 2.3 Sewe poorte in die prakties-teologiese navorsing

Heitink (Ongepubliseerde lesing 2000) verwys na sewe belangrike faktore vir navorsing in praktiese teologie, wat hy die sewe poorte in prakties-teologiese navorsing noem. Hierdie sewe poorte word kortliks aan die woord gestel wat as kontoere vir hierdie navorsing dien (vgl diagram 5: *Die sewe poorte in prakties-teologiese navorsing*).

***1. 'n Veelsydige navorser:*** Prakties-teologiese navorsing sluit in geesteswetenskaplike en sosiaal-wetenskaplike navorsing. In die metodologie kan daar tussen die hermeneutiese, empiriese en strategiese onderskeid gemaak word, maar aldrie het uiteindelik met die terrein van teorievorming te doen. Daarom is navorsing in praktiese teologie seker een van die moeilikste terreine van ondersoek in die teologie.

***2. Die navorsingvoorstel:*** Die ondersoekvoorstel moet goed deurdink word met die vraag: wat wil ek ondersoek? Navorsing beteken allereers 'n soeke na dit wat jy nie weet nie. Baie navorsing is bloot 'n opsomming van wat reeds bekend is en daarom dra dit nie iets nuuts by nie. Die volgende vrae moet volgens Heitink (1993:159) in hierdie soeke gevra en beantwoord word: (1) Wie ondersoek wat? (2) Wat beweeg die navorser om die ondersoek te doen? (3) Waarom word die ondersoek gedoen? (4) Waaroor gaan hierdie ondersoek? (5) Waar vind die ondersoek plaas? (6) Wanneer gaan die ondersoek gedoen word? (7) Hoe word die ondersoek gedoen? (8) Waarheen lei hierdie ondersoek? (vgl diagram 6: *'n Interpretasiemodel vir die navorsingvoorstel*). Let op na die interaksie tussen die verskillende vrae en die beweegrigting wat by die navorser self begin.

***3. Persoonlike faktore:*** Waartoe is die navorser werklik in staat? Die vraag het eerstens betrekking op die duur van die ondersoek. 'n Ondersoek behoort nie langer as vier tot vyf jaar te neem nie anders raak die materiaal verouderd en moet dit weer herskryf word. Watter teologiese kennis word veronderstel? Hierdie ondersoek het met mense en strukture te doen en daarom is 'n passie vir beide nodig.

***4. Die doel- en vraagstelling:*** Die doelstelling op sy eie gesien, is soms te vaag en die vraagstelling kan aan die ander kant weer te ruim wees. Heitink verwys na die werking van 'n fuik. Hoe fuik jy 'n onderwerp sodat dit vir navorsing vatbaar is? 'n Onderskeid moet tussen probleemstelling, doelstelling en vraagstelling gemaak word. Probleemstelling is 'n ruim begrip. Die probleemstelling wys gewoonlik op die spanningsveld tussen die normatiewe idee en die feitelike ervaring. Om die doelstelling te bereik is kennis nodig. Die resultaat daarvan word in die vraagstelling gevind.

***5. Handelingsnavorsing:*** Die navorsing het ten doel om die praktyk te verbeter. Om daarby uit te kom moet die strategiese perspektief van die begin af in die vraagstelling opgeneem word. Dit beteken dat 'n beskrywende en verklarende ondersoek te gering is om 'n ondersoek 'n prakties-teologiese ondersoek te maak. Dit is wel 'n empiriese ondersoek, maar bly binne die grense van 'n sosiaal-maatskaplike ondersoek. 'n Prakties-teologiese ondersoek vra: (1) 'n hermeneuties-interpretatief-teoretiese kader waarbinne die normatiewe vrae funksioneer en (2) 'n gerigtheid op die mediale handelinge, handelinge wat menslike en godsdienstige handelinge bevorder. Dit word die strategiese perspektief genoem.

Die ondersoekmetode kan 'n kwantitatiewe data-versameling wees wat uit vraelyste bestaan wat soms die ondersoek in die raamwerk van die ondersoeker indwing. Die navorsing kan ook met 'n kwalitatiewe benadering begin wat met oop vrae werk om tot ontdekkings te kom wat nie noodwendig deur die navorser voorsien word nie en wat tot stimulering vir die ondersoek kan lei. Tog pleit Heitink dat beide metodes benut moet word. Hierdie navorsing begin nie met 'n omvattende empiriese ondersoek nie, maar steun op relevante ondersoeke wat reeds op internasionale vlak gedoen is. Die empiriese ondersoek vorm wel 'n belangrike deel van hierdie navorsing na die toepassing van die model wat in hoofstuk nege aan die orde kom. Die toepassing van die tiener- en gesinsbedieningsmodel moet voortdurend empiries ondersoek word om die nodige aanpassings aan die model te kan maak om relevant te bly.

***6. 'n Hermeneutiese perspektief:*** (Vergelyk paragraaf 6.13: *'n Hermeneuties-kommunikatiewe model*)

***7. 'n Navorsingsprogram:*** Vir die skryf van 'n navorsingsprogram word die ontwikkeling van 'n bepaalde visie vereis waarbinne verskillende ondersoeke 'n plek kan vind. Heitink (Ongepubliseerde lesing: 2000) sê: *"Zo 'n programma zal zich zowel richten op individuen, als op de kerk, als op de samenleving"*. Dit beteken dat alle vakgebiede van die praktiese teologie 'n rol daarin sal speel. In die navorsing oor die verskillende handelingsvelde van die praktiese teologie maak die navorser kennis met die mikro, meso en makro situasies. Deur die proses van differensiasie in die samelewing het hierdie sfere in 'n sekere sin geskeie geraak. In die mikro-wêreld van die individu het 'n proses van individualisering plaasgevind. *"Zoals er in het publieke domein sprake is van secularisering, is er in het privédomein sprake van indiviudalisering"* (Heitink 1999:72). In die makro-wêreld van die publieke domein het na die skeiding van kerk en staat 'n proses van outonomie, verselfstandiging, noem dit sekularisasie in die betekenis van verwêreldliking, ontstaan. In die meso-wêreld het in baie gevalle die verhoudings van die individu met die wêreld en met die publieke domein verlore gegaan. Dit lei tot die verkerkliking van die Christendom. Die

Christendom ken individuele, sosiale en publieke gestaltes. Die kerk het uit die individuele en publieke wêreld geëmigreer en homself teruggetrek in 'n houding van verdediging (vgl Heitink 1993:93-94). Dingemans (2000:227) beweer: *"… veel mensen in West-Europa zijn van mening, dat kerkelijke instituten volstrekt uit tijd zijn en dat de morele kracht van het christendom … niet groter is dan die van andere strominge en ideologieën".* Aan die een kant het die kerk hom in 'n verdedigende houding teruggetrek en aan die ander kant het die lidmate die kerk begin verlaat.

Dit is belangrik om hierdie insigte ter sprake te bring omdat daar by die beskrywing en verklaring van situasies 'n bepaalde kulturele voorverstaan is. Dit maak 'n verskil of daar deur die bril van die sekularisasieparadigma of deur die emigrasieparadigma na die wêreld gekyk word. In die eerste geval sien 'n mens net agteruitgang. In die tweede geval is daar sprake van 'n onomkeerbare proses. Dit is moontlik om die wêreld van die individu te herwin. Dit is moontlik om in die publieke wêreldvorme van die Christelikheid terug te kry. Hier speel die handeligsperspektief 'n belangrike rol. Binne hierdie navorsing is die uitgangspunt om die tiener en sy gesin tot handeling te bring deur gemeenskapsgerig te raak waar die kerk irrelevant begin raak het en die nood al groter word. Die paradigmaskuif wat voorgestel word, begin by 'n persoonlike verbintenis by die tiener en die gesin wat dan in die gemeente en gemeenskap 'n invloed het (vgl Burger 1991:20 – Verbintenis, visie, gemeenskap en diens). Dit beweeg van teoretisering na praktisering en van programme na persone en prosesse. 'n Poging word dus aangewend om die klem meer op die individuele en publieke Christen te laat val veral met die oog op die herwinning van die amp van die gelowige wat tans as vergete amp beskou kan word. Die volgende tabel onderskei geloofsvorming via 'n antropologiese, ekklesiologiese en diakonologiese benadering (vgl Heitink 1993:94 en diagram 4: *Differensiasie volgens handelingsvelde*).

| **PERSOONLIKE LEWE** | **KERKLIKE LEWE** | **MAATSKAPLIKE LEWE** |
|---|---|---|
| Op mikro-vlak | Op meso-vlak | Op makro-vlak |
| T.o.v. die individu | T.o.v. die groep | T.o.v. die samelewing |
| Via 'n antropologiese benadering | Via 'n ekklesiologiese benadering | Via 'n diakonologiee benadering |
| Op die weg van bewuswording | Op die weg van kommunikatiewe handelinge | Op die weg van maatskaplike aksie |
| Gerig op die individuele Christendom | Gerig op die kerklike Christendom | Gerig op die publieke Christendom |

Dingemans (1996:147) gebruik die volgende indeling vir die interaksievelde en aktiwiteite van die praktiese teologie. Dit word hier saam met Heitink se tabulering gebruik om die verskillende konkrete bedieninge in die die lewe van die individu, gemeente en samelewing duideliker te stel.:

| | Velden | | |
|---|---|---|---|
| **Activiteiten** | *Sameleving* | *Enkeling* | *Kerk* |
| *Communicatie* | Media, uitwisseling | Bezoek, overleg | Preek, gesprek |
| *Leren* | Voorlichting | Catechese | Leerhuis |
| *Belewing* | Goodwill | Meditatie | Liturgie, gebed |
| *Zorg* | Samenwerking | Omzien | Kringen |
| *Dienst* | Gerechtigheid, vrede | Hulp | Dienstbetoon |
| *Ideologiekritiek* | Profetie | Kritiek | Oproep |

## 2.4 Praktiese teologie as krisiswetenskap

Dingemans (1996:40) verwys na die vroeëre benadering van die teologie wat die klem op die bestudering van tekste laat val het asook die bestudering van die geskiedenis van die Christendom en ander godsdienste. Later het die geesteswetenskaplike en sosiaal-wetenskaplike vakke bygekom soos dit in die psigologie en sosiologie bestudeer word. Teen hierdie agtergrond word die praktiese teologie as handelingswetenskap gesien: *"... die de praktijk van het kerkelijk handelen (door ambtsdragers en gemeenteleden, maar ook via instituties en gebruiken) en van de wijze waarop godsdienst doorwerkt en gestalte krijgt in de samenleving en bij individuele gelovigen bestudeert".* Hier word die klem eerder op menslike handelinge geplaas as die bestudering van tekste. Daarom word in die praktiese teologie meer gebruik gemaak van 'n empiriese sosiaal-wetenskaplike metode soos dit in die psigologie en sosiologie ontwikkel het. Dingemans (2000:258) verwys na die brugboufunksie van die kerk in die gemeenskap: *"De christelijke gemeenschap staat tussen de overgeleverde traditie (bewaarfunctie, conserverend) en de uitdaging van de vragen en behoeften van de moderne samenleving (vernieuwing, progressie).*

Heitink (1993:13) verwys na die vinnige ontwikkeling wat die praktiese teologie sedert die einde van die sestigerjare ondergaan het. Praktiese teologie is nou 'n selfstandige deel van teologiebeoefening en word ook in Nederland, Duitsland en die VSA gevolg. Volgens Dingemans (1996:36) was dit veral in Amerika waar die nuwe psigologiese wetenskappe in die werk van die pastor as berading ter sprake gekom het en die inhoudelike van die praktiese teologie verander het. Heitink (1993:14) vermeld dat die nuwe paradigma "praktiese teologie as handelingswetenskap" saamhang met die verandering wat in die sestigerjare in die teologie plaasgevind het. Dié tyd word gekenmerk aan 'n ernstige gesagskrisis in die Westerse samelewing. Die tradisionele gesag van ouers, onderwysers, politici, geestelike en kerklike leiers word nie langer as formele gesag aanvaar nie. Ook die gesag van die Bybel, amp en leer kom onder bespreking. Die erediensbywoning neem af en nuwe groeperinge en bewegings kom tot stand omdat die kerk blykbaar nie die geestelike behoeftes voldoende aanspreek nie. Een van die redes vir die verdwyning van jongmense uit die kerk, hou verband met die min geleenthede vir jongmense om in die gemeenskap betrokke te raak (vgl Prins 2000a:24 in paragraaf 2.7 (3)). Hierdie internasionale behoefte onder jongmense om in die gemeenskap betrokke te raak, wat ook in Suid-Afrika waargeneem is, sal in die ontwikkeling van 'n gesinsbedieningsmodel verreken moet word. Heitink (1993:14) meen teen hierdie agtergrond is dit begryplik dat die praktiese teologie as 'n krisiswetenskap getipeer kan word. Sosiale veranderinge

vind plaas en die kerk neem in relevansie af. Weens onsekerhede is 'n teologiese futurologie nodig om 'n weg na die toekoms te baan. Hierdie futurologiesgerigte teologie kan nie in die isolasie van 'n gesin of gemeente beoefen word nie. Dit moet met 'n individu- en gemeenskapsgerigte benadering beoefen word. Dit is in die samelewing waar die sosiale veranderinge vinniger plaasvind as in 'n Christelike gesin of gemeente. In die gesin en die gemeente word die waardes van die Bybel nog in 'n mate nagestreef. Wanneer die kerklike aktiwiteite die samelewing uitsluit, kan daar nie werklik holisties en toekomsgerig gedink word nie en sal die kerk in die toekoms al hoe minder relevant word en soos 'n geïssoleerde Cumran-gemeenskap uitsterf en net geskirfte nalaat.

Die praktiese teologie beweeg volgens Heitink (1993:14) in die hedendaagse krisis van die kerk en geloof voortdurend tussen aanpassing en vernuwing. Sommige sien hierin 'n bedreiging van die status quo. Ander sien 'n krisis weer as 'n nuwe geleentheid en spoor aan tot 'n praktiese bydrae wat ook deur hierdie navorsing beoog word. Dingemans (1996:206) meen: *"In een theologische bezinning op het geloof van individuele mensen moeten ook de 'traditionele' woorden van verzoening en vernieuwing, van hoop en verwachting, van opstanding en inspiratie, van wijsheid en zingeving klinken. Daar klopt immers het hart van het christelijk geloof!"* Die ontwikkeling van 'n model vir geloofsbemiddeling deur gesinne aan gesinne in die samelewing is 'n geleentheid om die gesinne van die samelewing wat kerklos of kerkloos geword het weer hoop vir die toekoms te gee.

Heitink (1993:14) sê dat kerk en geloof deur die sogenaamde modernisme beïnvloed word. Binne die Protestantse kerke lei dit tot 'n stryd tussen die ortodokse en vrysinnige Christene wat uitloop op kerkskeuring. Dit was ook in Nederland die geval met die Gereformeerde Kerke wat die modernisme met mag en mening afgekeur het, terwyl die Nederlandse Hervormde Kerk hierdie ontwikkeling in eie geledere wil integreer.

Gemeentes en hul gesinne kan dus nie bloot modernisme of eerder postmodernisme (vgl paragrawe 4.1 en 7.6) probeer uitsluit nie, maar is deel daarvan en kan ook nie op 'n ortodokse of 'n tradisioneel-uitgediende wyse binne hierdie moderne konteks geloof probeer bemiddel nie. Die gaping tussen die verstaan van die Bybel en die verstaan van die samelewing het reeds so wyd en gespanne geword dat die brugbou tussen die Bybelse boodskap en die samelewing al hoe moeiliker sal word indien daar nie 'n drastiese paradigmaskuif in kerkwees plaasvind nie. In die ontwikkeling van die model vir geloofsbemiddeling met 'n gemeenskapsgerigtheid sal die oorsake en hantering van hierdie gaping deeglik aangespreek moet word. Volgens Witte (2001:76-77) wil dit voorkom asof die beïnvloeding vanuit die sekulêre samelewing tans sterker funksioneer as vanuit die geestelike invloedsfeer: *"… globalization has brought to this century two devastating world wars, unprecedented political machination, environmental degradation, and commercial exploitation, and the increasingly acute threat of a global nuclear or biological holocaust".* Cahill (2000:4) verwys na hierdie gevaar: *"… an underrated fact is that the transformative process will necessarily go both ways. … Just as the Christian family can change cultural norms, so can family membership change Christian ideals. … The proposal of a 'new familism,' or even a 'critical familism,' is not unproblematic for Christian ethics".* Dit laat ons opnuut kyk na die opbou van die gesin as 'n belangrike hermeneutiese ruimte.

## 2.5 Die gesin as 'n belangrike hermeneutiese ruimte

Volgens Dingemans (1996:45) is daar praktiese teoloë wat probleme het met die streng handelingswetenskaplike opvatting van die praktiese teologie, veral met die gerigtheid op die 'uiterlike' handelinge van mense. Dingemans meen dat dit die gevolg is van 'n eensydige gebruikmaking van kwantitatiewe metodes (vgl paragraaf 9.19.1 (3) Fokusgroepe) . *"Als men de (religieuse) praxis wil veranderen of zelfs verbeteren, heeft het geen zin om alleen de 'handelingen' of het 'gedrag' van mense op te sporen zonder de achterligende intenties, want dan weet men nog niet, hoe met het 'theologisch normatieve' kan laten inwerken op het handelen"* (Dingemans 1996:45). Die gedagtegang en interpretasie van die mens word deur God in diens geneem. God tree in die wêreld van die denkende en handelende mens deur sy Gees in. Volgens Pieterse (1993:5) *"… kan 'n praktiese teologie as handelingswetenskap binne die paradigma of denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie slegs verstaan vanuit 'n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God. God neem alle inisiatief".* Kommunikatiewe handelinge is 'n ontmoetingsgebeure tussen gelowiges onderling en gelowiges in verhouding met God. Hierdie gebeure vind plaas binne die konteks van 'n gesin en gemeenskap deur middel van bepaalde gedagtegange, interpretasies, woorde en dade. So kom geloof tot gestalte en handeling. *"Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woorde en daad tussen gelowiges uit"* (Pieterse 1993:7)

'n Tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid vereis 'n sosiaal-kulturele opvatting van die praktiese teologie. Om geloof binne hierdie netwerk van interpretasies te bemiddel, vra nie in die eerste plek kwantifiseerbare inligting oor die werklikheid nie, maar eerder inligting oor die samehang van betekenisse en interpretasies wat ontstaan uit die wisselwerking tussen visie en realiteit en wat op 'n kwalitatiewe wyse bekom moet word soos in gesinne of fokusgroepe. Die praktiese teoloog bevind hom met 'n eie geskiedenis en interpretasieraamwerk as gespreksgenoot midde in die ondersoekveld, nie alleen om duidelikheid vir die geloofsgemeenskap te kry nie, maar ook watter waarde hy self aan waardes en norme van die ondersoekveld heg. Praktiese teologie is dus ontdenkbaar sonder 'n induktiewe benadering om die denke agter die handelinge te probeer verstaan wat 'n voorvereiste vir die hermeneutiese interpretasiewetenskap is om geloof so te kan bemiddel dat dit tot handelinge sal lei (vgl Dingemans 1996:51).

Heitink (1993:187) meen binne die praktiese teologie staan die hermeneutiese vraag sentraal. Op hierdie wyse word die werklikheid van God en die werklikheid van die mens op ervaringsniveau met mekaar verbind. Dit bring ons by die pneumatologiese uitgangspunt van 'n teologiese handelingsteorie. In die nuwe teologie, waar die vraag van die bemiddeling van die tradisie tot die kernvraag behoort, neem die refleksie op die werk van die Gees 'n sentrale plek in, waar met name teruggegryp word na die Johannese en Pauliniese geskrifte. Die Gees, as eersteling, is die eskatologiese gawe (Rom.8:23) van God tot vernuwing van die skepping. Die Gees open 'n nuwe bestaanswyse (2 Kor.5:16) wat gekenmerk word deur vryheid (2 Kor.3:17). Die verstaan van die werk van die Gees het konsekwensies vir die handeling. God se handeling maak die menslike handeling nie oorbodig nie, maar moontlik. Die Gees

getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is - (Rom.8:16) (vgl Heitink 1993:187-188). Dingemans (2000:551) meen: *"Men moet daar wel bij bedenken, dat de Geest of de invloed van God nooit in een pure vorm te vinden is: de Geest van God mengt zich altijd met onze geest".*

Wanneer oor hermeneutiek binne gesinsverband nagedink word, val die klem op dialoog. Die gesin is 'n Godgegewe hermeneutiese ruimte waar dialoog tussen God en mens plaasvind. Alhoewel die Gees nouliks enige nuwe struktuur skep waardeur Hy werk, het die Gees volgens Dingemans (2000:555) "hulpmiddele" nodig om te herskep: *"Eén van die hulpmiddelen is de geloofsgemeenskap. De geloofsgemeenschap is een van de media waardoor de Wirkungsgeschichte van God in onze wereld verdergaat".* Die gesin as sodanige hulpmiddel of hermeneutiese ruimte het in 'n sekere sin in die ampte van kerkraadslede en predikante opgegaan en het die amp van die lidmaat wat ook die kinders insluit, vergete laat raak. Dingemans (1987:129) sê: *"... dat de kerkelijke structuur en de ambtelijke functies vanuit de Heilige Geest worden beargumenteerd. Christus is de Heer van de kerk en de kerk kan niet over Hem 'beschikken'. Maar Hij regeert de kerk door de werking van de Heilige Geest. En dat betekent, dat er meer menselijke ruimte komt te zitten tussen Christus en de kerk".* Dit dui op 'n medewerking tussen mens en God binne die verbondsrelasie. Elke gesinslid moet dus bewus gemaak word van sy of haar hermeneutiese verantwoordelikheid binne die pneumatologiese ruimte. Die gesin, gemeente en kerke onderling vorm dus 'n netwerk binne die samelewing. Die een kan nie in afsondering van die ander oorleef nie. Dingemans (1987:131) sê: *"Je bent geen christen op je zelf; je bent ook geen gemeente op jezelf. Christenen en gemeenten zijn onderdelen van een groter geheel".* Dit is teenstrydig met die huidige tendens binne huwelike, gesinne en gemeentes waar die verstaan van die teks nie binne hierdie pneumatologies-hermeneutiese ruimte beoefen of bemiddel word nie, maar bloot oppervlakkig op 'n individuele basis gelees en selde werklik oordink word. Browning (1997:289) beweer: *"Hermeneutic theory concerns how humans gain understanding of texts, but it can also clarify the process of achieving understanding in marriage and family … When applied to family formation, it means that a dialogue must begin, and perpetually rework, the psychohistorical inheritance of the husband and wife".* Nel (1998:20) sê die gesin het 'n unieke hermeneutiese funksie in die Bybel en so ook in die postmoderne tyd: *"Jy sou in hierdie verband kon sê dat kinders ouers het 'om tot verstaan te kom'".* Nel (1998:21) is ook van mening dat God en sy handelinge op die mees natuurlike wyse aan huisgenote binne gesinsverband geïnterpreteer kan word. Dit is binne hierdie natuurlike en hermeneutiese ruimte dat geloofsbemiddeling aan tieners op die mees spontane wyse kan plaasvind.

Omdat in hierdie navorsing nie net 'n gesinsbedieningsmodel vir die tradisionele nukleêre gesin ontwikkel word nie, moet tieners wat nie in sodanige gesin opgroei nie ook in berekening gehou word. Enige huishouding is God se huishouding. Nel (1998:21) beweer: *"Duisende kinders word nie meer in tradisionele gesinne groot nie, is deel van enkelouergesinne, kom uit gebroke huise. Duisende word nie binne enige gesinsverband groot nie".*

God wat binne verhoudings werk, dui daarop dat die gesin 'n hermeneuties-pneumatologiese ruimte is. Nel (1998:21) meen: *"Sy verbondsmatige handelinge met mense onderstreep dit. En ouers en kinders is die mees 'natuurlike' voorkoms van hierdie verhoudings".* Nel (1998:22) beweer verder: *"Hier speel deurleefde en*

*gedeelde geloof in Hom 'n deurslaggewende rol in die tot insig kom van die volgende geslag".* Tieners is aangewese op ouers se deelname, ander geloofwaardige verhoudings met volwassenesse asook die gesin as hermeneutiese ruimte waarbinne geloofsbemiddeling spontaan kan plaasvind. Browning en Reed (1998:258) beweer: *"The family is widely acknowledge as a central context for religious life and worship in all the great world religions".*

Die boeke van die Pentateug wil onderrig gee en in Deuteronomium word onderrig eksplesiet as tema gestel. Volgens Den Dulk (1998:197) funksioneer Deuteronomium as die refleksiewe duim aan die hand van die Pentateug: *"Hier wordt nagedacht over de praktische zin en de ethische strekking van alles wat in die vorige boeken aan de orde is geweest".* Dearman (1992:145) meen: *"One should not overlook the premium that Deuteronomy attaches to the family and individual religious practices,…".* Geloofsbemiddeling deur ouers aan kinders is nie net 'n formele huisgodsdiensgeleentheid nie, maar volgens Deuteronomium 6 'n lewens- en leerproses wat nie van plek of tyd afhanklik is nie, maar van verhoudings. Senter III (2001:17) beweer: *"Relationship is the password to understanding, and the most natural form of relationship is the biological or custodial family. God is indeed the God of households. In a unique way he is known within the hermeneutic sphere of the family. Here a lived and shared faith in God plays a crucial role in the understanding of him by the next generation".* Die vader as gesinshoof en verteenwoordiger van God sal binne die ontwikkeling van die gesinsbedienings-model as geloofsbemiddelaar besondere aandag moet ontvang. Knijn (1995:4) beweer: *"Fathers have always been involved in the upbringing of their children in adolescence and in their teens, … In this age group, the authority of the father seems to have lost ground".* Om weer die Bybel te kan opneem, soos byvoorbeeld by die huisaltaar, moet die vader bewus wees van die leiding deur die Heilige Gees. Benson (1997:186) meen: *"Developing creative approaches to educating and supporting fathers can be a pivotal strategy for enhancing parent education".*

God gee die hermeneutiese funksie aan die gesin omdat in hierdie klein netwerk van intieme verhoudinge reeds 'n dialogiese kommunikatiewe struktuur bestaan. Volgens Den Dulk (1998:203) word die hoorders van die woorde sprekers gemaak: *"Hun hele persoonlijke, dagelijks leven wordt daarbij betrokken. Zij worden er niet slechts verstandelijk, maar ook lichamelijk aan herinnerd, doordat hun hand wordt aangezet om deze woorden daadwerkelijk te doen en hun ogen gericht worden op de uitwerking ervan".*

Die hermeneutiese beginsels in hierdie navorsing is simboliek en rituele met die gepaardgaande metafore (vgl paragrawe 6.11. en 6.12.) Dingemans (2000:165) meen: *"We kunnen over God slechts in metaforen spreken en metaforen kunnen gedeeltelijk aangeven wie of hoe God is, maar ze verbergen de betekenis ook evezeer".* Deuteronomium 6:6-7 kan as 'n voorbeeld genoem word. Die deurkosyne van elke huishouding kan 'n heel nuwe, of vergete betekenis vir die inwoners van daardie huis terugkry. Den Dulk (1998:205) verwys na ons posisie vandag en sê: *"… dat wij slechts kunnen beginnen waar de tekst van het Sjema eindigt".* Die opstaan en gaan slaap kan met 'n Goddelike roep begin en afgesluit word. Dingemans (2000:169) meen: *"In de context van de bijbel blijkt, dat het wezenlijk voorGod is, dat hij/zij mensen roept".* Die klem val op 'n hermeneutiek wat die diep kleurvolle geloofsinhoude en -waarhede van die Bybel vir tieners so oopsluit dat hulle God se

roepstem sal hoor en hoopvol en toekomsgerig kan lewe (vgl Jes 41:9 en 43:1). Die hermeneutiese avontuur word verruklik as God se openbaringswerk onder leiding van die Heilige Gees gade geslaan word. God het sy Gees gegee om die oë van ons verstand oop te maak (Ef.1:18). Hoe kan hermeneutiek anders beoefen word as dit nie 'n pneumatologiese vertrekpunt het nie? Benson (1988:20) sê: *"The Spirit helps us remember that we are part of a kinship that goes back four thousand years, to the mothers and fathers of the tribe. The contemporary church seems to have denied this great gift".*

Browning en andere (1997:308) maak die volgende opmerkinge oor die belangrikheid van die gesin as die belangrikste ruimte vir geloofsbemiddeling: *"One of the most important learnings from our interviews was just how crucial home-based worship is for the transmission of faith and family traditions".* Browning en andere (1997:308) verwys na die godsdiensbeoefening van drie meelewende gesinne, wat saam met hul kinders gebid het, die Bybel gelees het, hul geloof, morele verbintenisse, sieninge van seks, huwelik en gesin met mekaar bespreek het, en 'n diep gelowige gesin wat geen soortgelyke daadwerklike besprekings of aktiwiteite met hul vier seuns gehad het nie. Die gevolg was dat die vier seuns nie hul ouers se godsdienstige verbintenis gevolg het nie. Wat hier van waarde is, is dat die wisselwerking tussen die samekoms van gelowiges by die tempel en die huiskerk dwarsdeur die Christelike geskiedenis 'n konstante tendens was en nog steeds belangrik is. Browning en andere (1997:308) beweer dat: *"When home and public worship became differentiated, special efforts were needed to make home the scene of the little church .... The intimacies of home life are the first arena for living out the sacrament of baptism, a sacrament conferred by the priests and magistrates of the church".*

## 2.6 Die ervaringswêreld as belangrike komponent vir geloofsvorming

Bulckens (1994:107) meen: *"Een van de voornaamste voorwaarden nu om vandaag een christelijk leven aan te durven en aan te kunnen is die geloofservaring zelf…. Geloofsoverdracht bij wijse van 'indoctrinatie', via inprenting van een geloofsleer, maakt vandaag weinig kans. Meer kans daarentegen biedt het aanreiken van modellen van geloofservaringen, van mogenlijkhede daartoe".* Die volgende stelling van Driel en Kole ([1983]:54) sluit hierby aan: *"Geloofservaring, in de christelijke kontekst, vraagt naar de ervaarbare wereld in het licht van het evangelie van Jezus Christus. Dan is geloofservaring niet alleen bestaansverheldering, maar ook actieve bestaansvernieuwing".* Die uitgangspunt in hierdie navorsing is geloofsbemiddeling deur middel van ervaring wat tot geloofshandeling lei. Bulckens (1994:95-134) bespreek die moontlikheid om God vandag ervaarbaar ter sprake te bring met verwysing na die leerproses van die gelowige. Dit moet verstaan word in die lig dat geloof ten diepste die vrug van die Heilige Gees is, met ander woorde genadewerk in ontmoeting met God. Dingemans (2000:565) meen: *"Het eerste wat men van de geloofsgemeenschap kan zeggen, is dat ze bestaat uit mensen die geroepen (klètoi) zijn. … Door de gemeenschap met Christus worden ze ingeschakeld in het werk van de Geest".* Bulckens (1994:95) is van mening dat die meeste mense nie God as naby beleef nie, want ons lewe in 'n skeptiese wêreld. Net deur na al die ellende in die wêreld te kyk, lei mense tot twyfel in God. Tog gebeur daar ook mooi dinge wat die geloof in God weer laat opvlam. Wat in hierdie navorsing beklemtoon word, is geloof as Goddelike aktiwiteit in en deur die mens in sy totale bestaan en handeling, geloof as persoonlike ervaring en geloof as 'n sosiaal-ekklesiale aktiwiteit. Vervolgens word

enkele opmerkings gemaak om die belang van religieuse ervaringe en geloofservaringe in die geloofsvorming van tieners te beklemtoon.

Christen-gesinne is verteenwoordigers van God vanuit die kerksisteem binne die staat- en besigheidsisteem. Met ander woorde daar is Christen-gelowiges elke dag binne die staatsdiens, besigheidsektor wat deur hul handel en wandel, met of sonder woorde, verbaal en nie-verbaal, die Christelike geloofsinhoud in hierdie sektore bewustelike en onbewustelike bemiddel. Hierdie drie sisteme kan as subkulture binne die gemeenskap beskou word wat in 'n interaktiewe verhouding met mekaar staan. Derhalwe kan van 'n kerklike, politieke en besigheidskultuur gepraat word. Elkeen van hierdie kulture bevat 'n eie verskeidenheid binne die gemeenskap. Saam is dit 'n netwerk waarbinne geloof bemiddel kan word wat tot 'n nuwe geloofshandeling kan lei. Die vraag om te vra, is in watter mate en tot watter vlak geloof sodanig bemiddel kan word? Heitink (1993:265) haal Kuhnke soos volg met betrekking tot die huisgemeente se invloed in die gemeenskap aan: *“Zo 'n huisgemeente is een betrekkelijk kleine groep, met een ‘grosse Interaktionshäufigkeit, persönlicher Kontakt, affektieve Beziehungen, gemeinsame Zielvorstellungen und Normen, differenzierte Rollen und Solidarität gegenüber der Umwelt’”.* In die nuwe Suid-Afrikaanse konteks bestaan die hoop dat al hoe minder onderskeid gemaak sal word tussen *“Jood en Griek, slaaf of vry, man of vrou”* (Gal 3:28) en dat die eenheid in Christus in 'n interaktiewe verhouding tussen kerk, staat en markplein meer gestalte sal aanneem en tot 'n nuwe praxis sal lei. Binne hierdie benadering word 'n keuse gemaak vir 'n interdissiplinêre asook 'n intradissiplinêre ondersoek waar eersgenoemde dui op 'n verhouding tussen die teologie en die sosiale wetenskappe en laasgenoemde vereis dat teologie self empiries word (vgl Van der Ven 1993:97-112). *“… waarbij de verschillende wetenschappen binne een systeem-theoretische aanpak, waarbij de verschillende wetenschappen met hun eigen invalshoek, hun eigen methodologieën en onderzoekrichting zo goed mogelijk tot hun recht komen en met elkaar in gesprek worden gebracht”* (Dingemans 1991a:21). Dingemans verwys hiermee na die model van Zerfass wat vanuit die bestaande praxis na die teologiese en sosiaal-wetenskaplike invloede kyk waaruit 'n prakties-teologiese teorievorming ontstaan wat in 'n nuwe praxis uitmond. Die kritiese punt in hierdie skema is die verbinding tussen die teologiese en die sosiaal-wetenskaplike refleksie (vgl Dingemans 1991a:21 en Zerfass se diagram, diagram 7: *Interdissiplinêre verhouding tussen teologie en die sosiale wetenskappe*).

Bons-Storm (1989:63) beklemtoon die tweesydige taak van die pastor met betrekking tot die (1) ervaringswêreld van die mens en (2) die bemiddeling van God se Woord en noem dit die eerste en tweede hermeneutiese prosesse wat hy volledig in sy boek in hoofstukke 6 en 7 bespreek. Dingemans (1991a:21) verwys ook na Bons-Storm wat Zerfass se model aanvul deur die navorser (**X**) ook daarin in te sluit wat tot teologiese en sosiaal-wetenskaplike beslissings kom wat in die hermeneutiese sirkelgang verantwoord moet word: *“De beide reflectie-cirkels worden dus voortdurend doorlopen bij de analyse van de praxis, bij de toetsing van de praxis en bij de planning van nieuwe praxis”.* Dingemans (1991a:22) meen: *“Daarom kan men beter het uitgangspunt voor onderzoek en planning zoeken in de gemeenschap …”.* Dingemans verduidelik die model aan die hand van 'n diagram (vgl diagram 8: *Teologiese en sosiaal-wetenskaplike refleksie*). Die navorser begin sy werk in solidariteit met die geloofsgemeenskap en met die praxis (1), waarbinne reeds vele teologiese en sosiaal-wetenskaplike refleksie plaasgevind het. Die bestaande

teologiese beslissings wat aan praxis (1) ten grondslag lê, word in die teologiese sirkelgang (2) getoets. Die sosiaal-wetenskaplike beslissings wat ook aan die praxis vorm gegee het, word binne die sosiaal-wetenskaplike refleksie (3) getoets. Dingemans (1991a:22) sê: *"De ondersoeker begint niet in een vacuüm, maar in een bestaande – te verbeteren! – praxis, die resultaat is van theologische en sociaal-wetenschaplijke reflectie van het verleden".* Dit bring die ondersoek voor 'n keuse hoe hierdie verskillende dissiplines in die praktiese teologie bymekaar gebring gaan word en van watter dissiplines gepraat word. Om 'n keuse te kan maak verwys Dingemans (1991a:22-23) na die volgende teoloë: Kuiper kies 'n komplementêre benadering waar die sosiale wetenskappe in die analise-fase die voortou neem en die teologie wat by die beplanningsfase die toon aanvoer. Van der Ven (1993:89 en 101-112) kies 'n intradissiplinêre benadering wat op 'n bevrydingsteologie en emansipasie-pedagiek neerkom waar die teologie die botoon voer.: *"The intradisciplinary model therefore does what theology has always done throughout its history: to take up and critically assimilate new methods and techniques developed in other areas of science, with a view to their theological development by theologians themselves"* (Van der Ven 1993:89). Dingemans (1996:134) met verwysing na Nipkow (1975:35) meen dat van twee konvergerende benaderinge gepraat kan word: *"… dat wil zeggen, dat de theologische lijnen van denken ongeveer parallel lopen met de algemene filosofische en sociaal-wetenskaplijke kijk op de werkelijkheid".* Dit lyk baie soos Van der Ven se model, hoewel Nipkow eklektieser van die verskillende sosiaal-wetenskaplike teorieë gebruik maak. Nipkow se teologie laat meer ruimte vir die leerlinge om self tot 'n keuse te kom binne 'n gemeenskaplike leerproses oor geloof en die uitleef daarvan.

Om 'n keuse vir hierdie navorsing te maak, is die uitgangspunt dat geloofsvorming by tieners binne die konkrete situasie van die gesin en gemeenskap deur middel van simboliek en rituele groter effek het as die meer monologiese styl wat tans in die kerk gehandhaaf word. Die keuse word gemaak vir 'n wisselwerking tussen praktyk en teorie en tussen God en mens. Dit dui op 'n dialogies-hermeneutiese model wat situasiegebonde is. Hierdie benadering vereis 'n sosiaal-wetenskaplike analise van die situasie en watter leerteorieë of geloofsbemiddelingsmetodologie gebruik gaan word. Die uniekheid van hierdie benadering is geleë in die ontmoetingspunt van geloofsbemiddelingsproses, naamlik tussen die menslike, sosiaal-wetenskaplike, en die Goddelike of pneumatologiese. Dit is die benadering wat Dingemans (1991a) volg en verder uitwerk vir die kategese en kerklike vormingswerk in die samelewing.

Bulckens (1994:96) meen: *"In het geloof worden het verstand, het gemoed en de wil van de mens door Gods genade aangeraakt"*. Wanneer Jesus Christus vir Tomas vermaan: *"Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo"* (Joh 20:29), dui dit op geloofinstemming wat nie tot stand kom op grond van intellektuele insig alleen nie, maar speel die konatiewe en affektiewe prosesse ook 'n belangrike rol. Bulckens (1994:97) verwys met die volgende stelling na Aubert: *"Ondanks zijn redelijke inhoud komt het geloof meer voort uit de affectieve krachten dan uit het verstand van de mens, werkt het geloofslicht meer langs de weg van de wil dan langs de weg van het intellect"*. Wanneer 'n persoon deur God deur middel van 'n gebeure of woord aangeraak word, moet dit beskou word as 'n geskenk van God uit liefde om tot oorgawe te lei. Bulckens (1994:97) verwys na W. Veldhuis wat meen: *"De mens gaat geloven omdat hij het wil. Het wilsbesluit komt voort uit een voorafgaand gevoel van*

*sympathie: een welbehagen, een aangetrokken worden, een innerlijke dynamiek om ja te zeggen"*.

Geloofservaring is 'n ontmoetingservaring met God en mense. So 'n ervaring of ontmoeting moet die hele mens aanspreek in al sy verhoudinge en dimensies van mens-wees. *"De ontmoeting met God loopt uit op een nieuwe ontmoeting met zichzelf en de anderen"* (Bulckens 1994:98). Hierdie ontmoeting en persoonlike geloofservaring kan nie soos teoretiese insigte aan iemand oorgedra word nie. Bulckens (1994:98) is van mening dat: *"Wat voor de communicatie van diepe natuurbelevingen of muzikale ervaringen geldt, namelijk dat men onvermijdelik een beroep moet doen op soortgelijke ervaringen bij andere mensen om elkaar hierbij te kunnen verstaan, geldt nog meer voor 'Geestelijke' ervaringen"*. Dit is in hierdie ervaringswêreld van die gelowige dat simboliek en rituele 'n onvermydelik en kragtige rol kan speel. Volgens Karecki (1997:602) vind rituele nie op die diskursiewe vlak plaas nie: *"In fact, wordy explanations hinder the power of ritual from being unleashed. … Since ritual works on the trans-rational level it generates wholeness because it engages the whole person and in that active engagement through myth and symbol, gesture and movement transformation occurs".*

Geloof wat deur God gegee word en in die mens deur die Heilige Gees bewerk word, kry ook gestalte in die menslike psige (vgl Bulckens 1994:98), waar dit ook die kognitiewe, affektiewe en konatiewe kragte aanspreek. Bulckens (1994:98) meen dat daar geen geloof sonder ervaring kan wees nie, maar tog is daar meer aan, naamlik die ontmoeting tussen God en mens het ook 'n sosiaal-ekklesiale dimensie. Die kerkgemeenskap vorm die sosiale milieu waarbinne geloof bemiddel en gevorm word. Hierdie sosiaal-ekklesiale dimensie moet deel word van die totale gemeenskap. Die gemeenskap roep na oortuigende en waarneembare geloofservaringe om tot geloof en geloofsvorming te kom. So roep die tiener ook meer na geloofservaringe as na metodieke of programme per se. Die tiener roep na openbaringe van God wat ervaar kan word, wat met gebeurtenisse plaasvind. Jesus se bediening was vol gebeurtenisse om mense deur ervaringe van hierdie gebeurtenisse tot geloof te lei. Geloofservaringe word binne eredienste, kategetiese onderrig en jeugaksies op 'n meer "kunsmatige" vlak voorgestel. Volgens Prins (2000b:90) het slegs 43% tieners in 'n empiriese ondersoek aangedui dat hulle warmte en liefde in die erediens ervaar. Volgens Bulckens (1994:102) toon verskillende ondersoeke deur die wêreld heen 'n geleidelike kwantitatiewe en kwalitatiewe vermindering van gelowige uitinge van jonk en oud. Dit beteken dat deelname aan kerklike aktiwiteite minder word soos die betekenis van die kerk minder word. Die geloofsinhoud verander van meer transendent na meer immanent en gevolglik speel geloof al hoe minder 'n rol in die samelewing en word die kerk dáár meer irrelevant. Dit bied aan hierdie navorsing en die kerk 'n besondere uitdaging om aandag te skenk aan geloofservaringe binne die samelewing. Cahill (2000:4) is van mening dat: *"Every individual's self-understanding, character, and integration into social roles are achieved through participation in the institutions of civil society, not just by one-to-one or small-scale interpersonal relationships, much less by the lone individual's experience, introspection, or choice".* Een van die belangrikste aktiwiteit wat in die kerk en samelewing moet plaasvind, is religieuse sosialisasie. Bulckens (1994:102) beskryf religieuse sosialisasie soos volg: *"Voor de geloofsgemeenschap is religieuze socialisatie het proces waardoor nieuwe individuen in een georganiseerde christelijke levenswijse ingepast worden en waarin*

*men hen de godsdientige tradities van de geloofsgemeenschap leert"*. Hiermee bedoel Bulckens dat religieuse sosialisasie 'n mens tot lid van van die kerkgemeenskap transformeer. Deur interaksie met ander verkry 'n mens 'n religieuse identiteit. Daarom moet gelowige tieners binne die gemeenskap met ander omgaan om hul tot religieuse identiteit te lei, maar deur dit te doen, word hul eie geloof verdiep en gevorm deur die blootstelling aan en ervaring van ander en wat derhalwe tot 'n nuwe identiteit gelei word. Hierdie oorskakeling van 'n konserwatiewe, repressiewe sosialisasie na 'n partisiperende sosialisasie geskied volgens Bulckens (1994:103) nie sonder moeite nie: *"Talrijke religieuze socialistoren en socialisanten zijn immers in de hedendaagse geseculariseerde, pluralistische en postmoderne sameleving zelf in een crisis geraakt. De uitgedunde geloofsgemeenschap vormt geen hecht en standvastig geheel meer, en vele geloofsopvoeders zijn erg onzeker geworden"*. Daarom vind ons dat al hoe meer jongmense en volwassenes hul eie weg inslaan rondom waardes, houding en insigte (vgl Dekker 2000:73-87 in paragraaf 4.6).

Om tieners tot geloofshandelinge te lei, verg meer as verbale oordrag van geloofsinhoude. Dit vra 'n wetenskaplike nadenke oor geloofshandelinge. Heitink (1993:14) verwys na Firet wat die begrip "handelingswetenskap" begin gebruik het en onder sy leiding het 'n instituut vir praktiese teologie gevolg, om 'n prakties-teologiese ondersoekinstituut te wees. Heitink (1993:18) definieer praktiese teologie as 'n handelingswetenskap waaronder verstaan word die empiries-georiënteerde teologiese teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof, praxis een, in die praxis van die moderne samelewing, praxis twee. Dit is nodig om te weet wat die praxis twee van die praktiese teologie is. Dingemans (1996:16-32) verwys na vyf verskillende benadering om iets van praxis twee te begryp: (1) *Amptelike praktiese teologie*: Die ampspraktyk van die predikant kan as praxis beskou word wat onder andere homiletiek, kategetiek en pastoraat insluit. Die ampspraktyk van die predikant kan in 'n eenrigtingverkeer opgaan indien die analise van die empiriese situasie van die gemeente of gemeenskap buite rekening gelaat word. (2) *Ekklesiologiese praktiese teologie*: Die lidmate van die gemeente as geloofsgemeenskap het as getuies van die evangelie 'n groot aantal interne en eksterne funksies. In hierdie navorsing word die klem veral gelê op die eksterne funksies, naamlik die betrokkenheid van die gemeente in die gemeenskap deur middel van evangelistiek, diakoniek en ampswerk van die gewone lidmaat (vgl Ef 4:11-130. Dit kan vanselfsprekend nie sonder die deeglike funksionering van die interne funksies, byvoorbeeld erediens, lering, pastoraat en diakonaat plaasvind nie. (3) *Kritiese praktiese teologie*: *"De laaste tijd gaan er steeds meer stemmen op om het materiële object van het vak praktische theologie niet te beperken tot de functies van die christelijke gemeente. De gemeente is niet langer meer de enige 'overslagplaats' van het evangelie"* (Dingemans 1996:27). Dit gaan oor die deurwerking van die evangelie na die hele kultuur van die gemeenskap. Hierdie gedagtegang word met nadruk in hierdie navorsing gevolg. (4) *Bevrydingsteologie*: Hierdie teologie ontstaan midde in die praktyk van die armes en onderdruktes, nie as 'n wetenskap of 'n amptelike kerklike teologie nie, *"… maar als stem en reflectie van het volk, de 'praxis popular' … [D]e 'Iglesia popular'"* (Dingemans 1996:28). Die doel van hierdie teologie is 'n fundamentele verandering van die hele samelewing. Hierdie navorsing, gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid, wil hier 'n bydrae lewer: *"Niet van buiten af, maar van binnen uit: de politieke praxis wordt beskouwd als een locus theologicus"* (Dingemans 1996:27-28). Dit gaan hier oor die ontwikkeling van 'n

teologie in perspektief van God se belofte van vrede en geregtigheid. (5) *Praktiese teologie van die subjek*: Teenoor die een pool van die praktiese teologie, die opbou van die gemeenskap, staan die ander pool, naamlik aandag wat aan die enkeling geskenk moet word (vgl diagram 3: *Die situasie van die praktiese teologie met die klem op godsdiens en samelewing*). Heitink (1993) begin die indeling van die handelingsvelde met mens en godsdiens en volg dit op met kerk en geloof en laastens godsdiens en samelewing. Die gedagte is dat hierdie drie handelingsvelde mekaar moet aanvul. Die individu word wat hy is deur die gemeente en gemeenskap waarin hy of sy woonagtig is. Dingemans (1996:31) verwys na Henning Luther (1992) wat klem lê op die individuele en fragmentariese van die geloof. Hy gee boustene vir 'n praktiese teologie van die subjek waardeur die mens self subjek word van sy eie teologie. Mense moet in die moderne praktiese teologie self hul weg kan bepaal.

Vir die formulering van 'n definisie vir praktiese teologie is die verstaan van 'n tweërlei praxisbegrip nodig. Praktiese teologie fokus op die bemiddeling van die Christelike geloof. Hierdie bemiddeling hang saam met die kern van die Christelike geloofsoortuiging: die koms van God na die mens in sy wêreld. God se handelinge deur bemiddeling van die menslike handeling, vorm die teologiese swaartepunt van die praktiese teologie. Anderson (2001:26) definieer praktiese teologie met verwysing na Heitink se beskrywing van praxis een en praxis twee soos volg: *“At its simplest, practical theology is critical reflection on the actions of the church in the light of the gospel and Christian tradition”.*

Omdat in hierdie navorsing 'n tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskaps-gerigtheid bepleit word, word verlang dat die geloofsbemiddeling binne die praxis van die postmoderne samelewing of publieke leefruimte as 'n noodwendigheid moet plaasvind. Dit is in hierdie publieke leefruimte, die makro-vlak, waar die kerk op 'n sigbare wyse geloof moet bemiddel om 'n kommunikatiewe handelingsteoretiese gestalte te kan aanneem.

Volgens Heitink (1993:18) word die gesprek oor die praxis van die moderne samelewing in 'n beskrywende en verklarende sin bedoel. Die samelewing kan beskryf en verklaar word as 'n praxis, 'n terrein van handeling, waarin mense en groepe gemotiveer word deur eie ideale en gedryf word deur uiteenlopende belange, om bepaalde keuses te maak en doelstellings na te jaag. Dit gebeur in die leefwêreld van mense, in hulle onderlinge verhoudings, in die huwelik en gesin, by die werkplek, in die politiek, ekonomie en in maatskaplike verband. Die strategie is dus om die bestaande raakpunte van kerk, staat en markplein na te vors en te benut om die huidige meer na binne gerigte tiener- en gesinsbediening 'n meer prominente en na buite gerigte geloofsbemiddelingsaksent te gee. In hierdie verband word na Dingemans (1991a:16) verwys: *“Praktische theologie is … in de eerste plaats analyse van de bestaande situatie: wat gebeurt er precies? … In de tweede plaats zoekt de praktische theologie naar de in de praxis geïnvesteerde normen: waar is de praxis op gericht? … En vervolgens toetst de praktische theologie de geïnvesteerde normen aan de geïntendeerde normen: Is datgene, wat men feitelijk doet ook wat men bedoelt te doen?*

Volgens Heitink (1993:18) kan praxis twee vir praxis een bevorderlik wees, maar dit kan ook op 'n gespanne voet met mekaar staan. Die praxis van die samelewing is eeue lank beïnvloed deur die Christelike tradisie. Ook is die Christelike tradisie eeue

lank beïnvloed deur die ontwikkelinge binne die samelewing. Alhoewel die praktiese teologie hom altyd op praxis een rig, is daar altyd die onderliggende verhouding met praxis twee wat soms gespanne kan raak en wat ook binne hierdie navorsing en die toepassing van die tiener- en gesinsbedieningsmodel ervaar kan word.

Oor 'n praktiese teologie wat as uitgangspunt die ervaringswêreld van die mense en die situasie van die kerk en samelewing kies, word volgens Heitink (1993:18) egter wel deeglik gekenmerk deur 'n wyse van teorievorming wat die empiriese gegewens ernstig opneem. Van daaruit word gedink en met die oog daarop word die teorie ontwikkel. Hierdie wyse van teologievorming word onderskei van 'n eksegetiese, historiese en filosofiese benadering.

Hendriks (1992:155) meen: *"Dit is korrek en klink baie vroom om te sê dat 'n gemeente sy doelstellings in die Skrif moet vind"*. Volgens Hendriks (1992:155) het teologie nie net met die studie van die Bybel te doen nie, maar *"Dit gaan in die teologie oor die koms van God na die wêreld, om die verbondsbetrokkenheid van God by hierdie wêreld, sy mense en hulle nood"*. Gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid vra dus om die wêreld waarin ons leef te ondersoek en 'n gemeenskapsgerigte teologie te ontwikkel vir die huidige nood wat vinnig toeneem (vgl Hendriks 1992:29-35 - die transformasiemodel, in paragraaf 9.7.4).

Vir die ontwikkeling en toepassing van 'n model met 'n gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening, sal die empiriese gegewens van ander navorsing in hierdie verband en reeds toegepaste modelle ondersoek en verreken moet word. Daarom sal die evaluering van die model in die praktyk van belang wees om 'n voortbestaan te geniet, maar om ook die spanning tussen praxis een en twee te verminder. Volgens Dingemans (1991a:17) neig die praktiese teologie altyd na 'n vernuwende praxis. By die formulering van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid staan die volgende drie komponente van Dingemans (1991a:17) sentraal: *"… analyse van de praxis, toetsing aan de immanente normen en verbetering van de praxis maken de praktische theologie tot praktische theologie".*

## 2.7 'n Teologie vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid

'n Teologie vir geloofsbemiddeling aan tieners binne die verbondsgesin met 'n gemeenskapsgerigtheid word vanuit die voorafgaande denksisteem en die gemeenskap as kulturele leefruimte, wat die verbondsgesin se eie kultuur insluit, oordink. Een van die probleme vir so 'n benadering, is dat die leefruimte van tieners in 'n wyer verband as dié van gesin self reeds baie verwilderd geraak het. Dit is 'n verwysing na die huidige krisis in die gesin en jeugbediening asook Spreuke 29:18: *"Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; ...".* Volgens Nel (1998:9) moet die teologie vir jeugbediening van 'n omvattende aard wees: *"Die teologie en die samelewing roep wêreldwyd reeds vir meer as 'n eeu om 'n radikale verandering in hierdie paradigma".*

***1. 'n Teologie vanuit 'n Bybelse oogpunt:*** Nel (1998:10-13) meen God is op 'n besondere wyse by die gee van kinders betrokke en Hy skakel jongmense in sy koninkryk se werksaamhede en godsdiensbeoefening in.: *"Hulle is dialogies by hierdie gebeure betrokke en nie slegs maar as ontvangers van inligting nie".* Nel

(1998:12) verwys ook na Dawid wat waarskynlik in sy middeltienerjare was toe Hy op 'n unieke wyse in God se handelinge met Israel ingeskakel is.

***2. 'n Teologie vanuit die verbondsmatige:*** Volgens Nel (1998:16) wortel die jeugbediening in die verbond van God: *"Om met jeugbediening besig te wees, is niks anders nie as om in die Naam van hierdie God met hulle besig te wees".* Om tieners in die verbondsgesin te bedien, beteken om die verwondheid van soveel tieners en gesinne in verbondenheid met God tot heil te lei. Daarom sal die basiese funksionering van gesinne en die veranderende lewensiklus deeglik verken moet word as gevolg van dramatiese veranderinge in die afgelope dekades weens veranderende rolle, hoë egskeidingsyfer, ensovoorts (vgl Carter en McGoldrick 1999:8-10).

***3. 'n Teologie vanuit die tiener se denkraamwerk****:* Prins (2000a:24) verwys na navorsing wat in die VSA en Suid-Afrika onder 2000 en 331 jongmense onderskeidelik gedoen is en wat aantoon dat die verdwyning van jongmense uit die kerk verband hou met te min geleenthede om as Christene in die samelewing betrokke te raak. Volgens Borgman (1997:1) vra die jeug: *"Where in the world is God?"*. Daar is ongeveer een biljoen tieners in die wêreld, 25 % van die wêreld se populasie (vgl Borgman 1997:3). Borgman (1997:4) is van mening dat: *"In terms of world missions, young people form the largest, most crucial, and most dynamic 'unreached people group' in the world".* Dit is dus ook nie vreemd dat jongmense wat wel aan 'n kerk behoort dit verlaat nie, want in hierdie ouderdomsfase wil hulle graag behoort en 'n verskil maak deur 'n bydrae in die lewe te maak, maar hul gawes, talente en vermoëns word onderbenut. Tieners is nie net die hoop van die toekoms nie, maar hulle is ook die sleutel tot die huidige ontwikkel in die gemeenskap. Die stemme van jongmense word basies net gehoor as hulle deur middel van 'n kwantitatiewe navorsingsondersoek in die drukgang beland om te antwoord op dit wat aan hulle gevra word. 'n Kwalitatiewe ondersoek, soos fokusgroepe, wat komplimenterend saam met 'n kwantitatiewe ondersoek gebruik kan word, sal 'n duideliker antwoord na vore laat kom wat die wesenlike problematiek in die kerk is. Die formulering van 'n tiener- en gesinsteologie is dus aangewese op bydraes wat uit ondersoeke kom wat meer kwalitatief van aard is. Sisteme soos die gesin, skole, kerke en selfs nasionale sisteme kan soveel meer baat as daar net onbevange en sonder inhibisies by die jeug na hulle geluister kan word hoe hulle werklik voel. Borgman (1997:7) doen 'n oproep dat: *"... we should listen to theological questions and issues raised by adolescents themselves".*

***4. 'n Teologie vanuit 'n multikulturele konteks:*** Hines en andere (1999:69) meen: *"Culture interacts with the family life cycle at every stage. Families differ in their definition of 'family'; in their definition of the timing of life cycle phases and the tasks appropriate at each phase; and in their traditions, rituals, and seremonies to mark life cycle trasitions".* 'n Teologie moet ontwikkel word wat te doen het met tieners wat volwassenes vra om hulle te help om die waarheid en vermoëns te ontdek wat hulle vir die lewe binne hierdie lewensiklus nodig het. Die teologie vir 'n jeugbediening kan op twee maniere 'n aanvang neem, naamlik by die teoretiese of by die praktiese. Omdat tieners van sosialisering hou en binne verskillende kulture sosialiseer, het 'n veelseggende begrip soos *"edutainment"* (vgl Hebbard 1995:186) na vore gekom. Met betrekking tot 'n multikulturele en globaliserende situasie sal moontlik 'n breër begrip ontwikkel moet word om die geloofsbemiddelingsproses te beskryf,

byvoorbeeld *"socio-cultural-edutainment"*. Die keuse vir die formulering van 'n jeugbedieningsteologie binne hierdie navorsing is om vanuit praxis twee, waar die huidige jeugkultuur ook deur die kultuur binne die gemeenskap beïnvloed word, praxis een of teologievorming gestalte te gee.

Borgman (1997:8) verwys na die gevangenisskap van teoloë binne die denkraam van bekerings en hul eie oorlewing. Dit bring mee dat 'n holistiese uitkyk na die gebeure in die totale wêreld uit die oog verloor word. Hy praat daarvan as 'n *"narrow theology".* Borgman (1997:8) sien die oplossing vir hierdie soort teologie soos volg: *"The corrective for narrow theology, in my own and many other lives, has been urban and global experiences. Cross-cultural involvement challenges previous biases and securities".* Die algemene en toenemende neiging by ouers is oorbeskerming van hul kinders (vgl Friel en Friel 2001:10-12). Borgman (1997:9) meen: *"Narrow theologics are often intracultural and see little need to move beyond their own safe and comfortable compound".* Miskien het die Nederduitse Gereformeerde Kerk te lank 'n *"tribal theology"* vir jeugbediening beoefen (vgl Borgman 1997:9). Solank die jeugbedienng binne die verband (*"tribe"*) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se struktuur en aksies bly, is daar nog 'n mate van funksionaliteit ter sprake, maar sodra die jeug van hierdie *"tribe"* in die groter wêreld inbeweeg, word dit disfunksioneel en word soos Borgman (1997:9) beweer: *"… a scandal of offence for many outside the faith".* Die teologie wat vir tiener- en gesinsbediening ontwikkel moet word, is 'n omvattende teologie in die sin dat elke pseudospesie in die menslike kultuur bereik sal word, die binne die gemeenskap, maar wat nog nie deel van die *"tribe"* is nie. *"Theology begins with God's perspective and work; it continues with our translation and application"* (Borgman 1997:10). 'n Breë teologie rus nie in dogmatiese voldaanheid nie en is ook nie besig om in onsekerheid rond te dobber nie. Borgman (1997:10) verwys in hierdie verband na Jesus Christus: *"Jesus knew the human situation of his time, and during storms or around a death he would say something like: 'Fear not ... believe in me'"* (vgl Jes 43).

***5. 'n Teologie vanuit 'n sosiale krisis:*** Die tiener- en gesinskrisis is 'n kerkkrisis, maar ook 'n gemeenskapskrisis. Die teologie kom na vore uit 'n krisis- of sosiale situasie. Die huidige tiener-, gesin- en gemeenskapskrisis is die geboorteplek vir 'n teologie vir tiener- en gesinsbediening. Die jeugkultuur openbaar 'n sosiale krisis. *"To understand the world of youth is to feel the cutting edge of cultural change"* (Borgman 1997:13). 'n Teologie vir tienerbediening begin dus by die tiener self binne sy kulturele leefruimte waar daar met God en homself geworstel of miskien nie meer geworstel word nie! Borgman (1997:14) meen: *"The one who does theology - and this is particularly evident in theological reflection from the perspective of young people - must do a threefold exegesis: an exegesis of the Word, an exegesis of the culture, and an exegesis of self and the community"*.

***6. 'n Teologie vanuit bepaalde behoeftes:*** Borgman (1997:15) dui teologiese behoeftes aan wat na aanleiding van die volgende vrae na vore gekom het: Hoe kan teologie binne die jeugkultuur beoefen word? Wat het die globale teologiese dialoog met jeugbediening te doen? Watter bydraes maak jeugleiers tot die jeugteologie? Die teologiese behoeftes wat na vore gekom het, is: (1) 'n Teologie vir groei en ontwikkeling, (2) om die sensitiwiteit vir egosentriese en etnosentriese invloede in alle sisteme van teologie te vermeerder, (3) om die noodsaaklikheid van 'n drievoudige interpretasie te ondersteun: die eksegese van die Woord, kultuur, die self en die

gemeenskap, (4) om die persoonlike en Christosentriese aard van bediening en die evangelie opnuut te bevestig, (5) 'n balans tussen individuele en gemeenskaplike aangeleenthede, tussen relasionele spiritualiteit en sosiale geregtigheid te vind en (6) om 'n nuwe teologiese reflektering oor profeties-kulturele analises te ontwikkel.

Volgens Borgman (1997:15) vereis die ontwikkeling van 'n teologie oor Christelike omgee vir jongmense en die aanspreek van genoemde behoeftes duidelikheid oor die volgende aspekte: (1) hoe jongmense opgroei in jeug- en dominante kulture en jeugsubkulture; (2) 'n Christelike perspektief oor populêre, jeug en dominante kulture moet geformuleer word; (3) die ontwikkeling van 'n verstandhouding van diens aan, saam en deur die jeug en (4) groei in die waardering van die professie vir jeugbediening. Hierdie verkenning, reflektering en formulering, vra 'n induktiewe metode binne die gemeenskap waar die nood van tieners rondom 'n soeke na eie identiteit en betrokkenheid by diens in ontmoeting gaan met die nood van die ander noodlydendes binne dieselfde gemeenskap. In hierdie ontmoetingsproses tussen tieners en God en tieners onderling asook met hul geestelike leiers wat tot 'n spontane reflektering van ervarings lei, kan 'n nuwe teologie ontwikkel. Bons-Storm (1989:92) noem dit hermeneutiese avontuur: *“Een pastorale ontmoeting speelt zich af in een gedeeld nu, waar twee levensverhalen elkaar raken”.* Die herinneringe van die verlede en die toekomsantisipasie word in die hede byeengebring om tot die verstaan daarvan te kom (vgl Bons-Storm 1989:25).

Volgens Borgman (1997:62) is die algemene vraag van geleerdes en predikante binne die kulturele wêreld: *“What in the world is going on?”* Hierdie soort vraag lewe op die lippe van baie mense in Suid-Afrika, maar miskien veral onder volwassenes, wanneer die kulturele wêreld van tieners aanskou word.

Teen die agtergrond van enkele opmerkinge oor (1) die huidige situasie van die praktiese teologie, (2) praktiese teologie as gemeenskapsgebeure en (3) as krisiswetenskap, (4) die gesin as 'n belangrike hermeneutiese ruimte, (5) die belangrikheid van 'n ervaringswêreld vir die geloofsvorming by tieners en (6) 'n teologie vir tiener- en gesinsbediening ten opsigte van die hantering van die huidige probleemsituasie in die gesin, gemeente en gemeenskap en (7) geloofsbemiddeling in hierdie koninkryksisteme, word in die volgende hoofstuk aandag geskenk aan 'n metodologie vir hierdie navorsing.